higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N6

(20060116)

13 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf die letter (A–O) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Denkbeeldige lyn wat die liggaam in twee verdeel	A	kognitiewe ontwikkeling
1.1.2	Luister met begrip om te verstaan	B	lekkerbekkige eters
1.1.3	Verseker goeie vordering op skool	C	lateraliteit
1.1.4	Lyn wat op dieselfde plek begin en eindig	D	middellyn
1.1.5	Algemene en inklusiewe stel	E	universele stel
1.1.6	Voorbeeld van fatsoenpassing	F	leë stel
1.1.7	Kenmerk om nie op te gee nie	G	skoolgereedheid
1.1.8	Innerlike bewustheid van twee kante van die lyf	H	eenvoudige geslote lyn
1.1.9	Proses wat babas gebruik om hulle lywe te ontdek	I	masturbasie
1.1.10	Word as die gewone sondebok vir bednatmaak beskou	J	skoolrypheid
		K	bewaring
		L	geslote geboë lyn
		M	sleutels en hul sleutelgate
		N	deursettingsvermoë
		O	genetika

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

1.2.1 Indien groot spiere nie behoorlik ontwikkel word nie, kan dit leerprobleme veroorsaak.

1.2.2 Vertroue is 'n vaardigheid wat met goeie dissipline ontwikkel kan word.

1.2.3 'n Pediater hanteer 'n kind se fisiese probleme tydens kinderjare.

1.2.4 'n Ondeursigtige voorwerp is iets wat deurskynend is en lig deurlaat.

1.2.5 Skoolrypheid begin gewoonlik op sesjarige ouderdom en verseker skoolsukses.

1.2.6 Kinders vertel soms leuens aangesien hulle nie tussen realiteit en fantasie kan onderskei nie.

1.2.7 Die Montessori-filosofie beklemtoon dat kinders die middelpunt van leer moet wees.

(10)

1.3 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende stellings gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 As 'n mens 'n voorwerp wat voor jou is kan identifiseer, word dit as … beskou.

A hand-oog-koördinasie
B ruimtelike oriëntasie
C liggaamsbewustheid
D lateraliteit

1.3.2 'n Oefening wat die groot spiere ontwikkel is …

A gare deur 'n naald ryg
B 'n SNAP-speletjie
C 'n soek-die-verskille-legkaart
D die voltooi van 'n hindernisbaan

1.3.3 'n Mens se vermoë om 'n doolhoflegkaart te voltooi sal … versterk.

A sig-motoriese beheer
B ligaamstabiliteit
C voet-oog-koördinasie
D hand-oog-koördinasie

1.3.4 'n Helikopter-ouer …

A beheer die kind met 'n ysterhand
B toon onvoorwaardelike liefde en sorg
C skenk baie aandag aan 'n kind se probleme
D gun die kind 'n demokratiese sê in besluite

Kopiereg voorbehou

1.3.5 Die Montessori-filosofie beklemtoon outo-onderwys, wat ook bekend staan as …

A veilige onderwys
B passiewe onderwys
C aktiewe onderwys
D self-onderwys

1.3.6 'n Kind wat daaglikse nuus weergee, toon … taalontwikkeling.

A taktiele
B passiewe
C aktiewe
D waarnemings-

1.3.7 Smaakpersepsie verwys na interpretasie van inligting deur …

A smaak
B sig
C reuk
D aanraking

1.3.8 'n Kind kan name van 2D en 3D-fatsoene vanaf … assosieer.

A 2–3 jaar
B 3–4 jaar
C 4–5 jaar
D 5–6 jaar

1.3.9 Self-dissipline word bevorder deur …

A 'n gekarring aan die kind om sy/haar huiswerk te doen
B die kind te smeek om sy/haar kamer op te ruim
C uit te wys wat die kind alles verkeerd doen
D 'n kind vir verantwoordelike optrede te prys


1.3.10 Die Montessori-onderwyser staan ook as 'n … bekend.

A diffusor
B diktator
C leidster
D resepteerder

(10 × 2) (20)

1.4 Kyk na die volgende prente en dui die vaardigheid aan wat deur elk ontwikkel sal word. Gee slegs EEN vaardigheid per prent.

1.4.1



Aktiwiteit: Inkleur van 'n prentjie

1.4.2



Aktiwiteit: Gesprek oor 'n speeltelefoon

1.4.3



Aktiwiteit: Loer deur 'n gaatjie

1.4.4



Aktiwiteit: Balansering op 'n balk

1.4.5



Aktiwiteit: Roei 'n boot

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 'Dié wat jaloers is, pla ander, maar martel hulself.'

Kinders ervaar verskeie gevoelens, waarvan jaloesie een is, tydens vroeë kinderontwikkeling.

2.1.1 Noem DRIE oorsake van jaloesie. (3 × 2) (6)

2.1.2 Lys DRIE strategieë wat versorgers kan gebruik om jaloesie te hanteer. (3 × 2) (6)

2.2 'n Algemene fobie onder kinders is 'n vrees vir die donker.

Stel VYF strategieë voor om te help om dié vrees te oorkom. (5 × 2) (10)

2.3 Verduidelik die volgende eetversteurings:

2.3.1 Anoreksie

2.3.2 Pika

2.3.3 Vetsug

(3 × 2) (6)

2.4 'Om jouself te dissiplineer om te doen wat reg en belangrik is, al is dit hoe moeilik, lei tot trots, selfrespek en persoonlike satisfaksie.'

Met die bostaande in gedagte, noem VYF redes vir onaanvaarbare gedrag. (5 × 2) (10)

2.5 Noem SES voorbeelde van gewoontevormende gedrag by kinders. (6)

2.6 Verduidelik DRIE strategieë oor die handhawing van reëls vir kinders. (3 × 2) (6)

[50]

VRAAG 3

3.1 Dina Stachel, grondlegger van die MATAL-metode, het 'n lang geskiedenis in die onderwysveld. Sy het haar loopbaan as laerskoolonderwysers begin en het intensiewe navorsing in die onderwysveld gedoen. Sy het haar doktorsgraad verwerf vir navorsing wat sy oor die MATAL-onderwysmetode gedoen het. Sy het vir die Universiteit van Israel navorsing gedoen oor vroeë kinderontwikkeling. Haar doel was om jong kinders te begelei.

3.1.1 Noem die VIER belangrikste elemente van die MATAL-program. (4)

3.1.2 Noem VIER eienskappe van die MATAL-onderrigmetode. (4)

3.1.3 Gee 'n kort oorsig van VYF punte vir groepwerk in hierdie onderrigmetode. (5 × 2) (10)

3.2 Beskryf die atmosfeer in 'n Montessori-klaskamer. Lig VYF punte uit. (5 × 2) (10)

3.3 Noem SES basiese komponente van die Montessori-omgewing. (6)

3.4 Die ELRU is in Flamingosingel, Nerissalandgoed, Kaapstad. Dit is 'n nieregeringsorganisasie in die Vroeë Kinderontwikkelingsektor wat sedert 1978 nasionaal by Onderwys en Ontwikkeling in Suid-Afrika betrokke is. Dit is 'n navorsings- en ontwikkelingsorganisasie wat vroeë kinderontwikkelings-programme vir gebruik in stedelike en plattelandse gebiede beproef.

3.4.1 Waarvoor staan die letterwoord ELRU? (2)

3.4.2 Wie bestuur die ELRU? (2)

3.4.3 Noem TWEE prestasies wat deur die ELRU bereik is. (2 × 2) (4)

3.4.4 Noem TWEE dienste wat deur die ELRU verskaf word. (2 × 2) (4)

3.4.5 Noem VIER voorbeelde van multi-mediamateriaal wat deur die ELRU ontwikkel is. (4)

[50]

VRAAG 4

4.1 'Ontsluit die kind se potensiaal en jy lei hom die wêreld binne.'

Noem en verduidelik VYF basiese kinderbehoeftes. (5 × 2) (10)

4.2 Me Van Huurden is die Graad R-opvoeder by Hamilton Primary School in Pretoria. Sy het opgemerk dat 'n nuwe leerder, Bongani, van die eerste dag af wat hy in die skool is, sukkel. Hy het nie selfvertroue soos die ander kinders nie, en hy wil die hele tyd huis toe gaan.

4.2.1 Noem SES eienskappe wat daarop dui dat 'n kind nie vir skool gereed is nie. (6)

4.2.2 Na wie kan Me Van Huurden Bongani se ouers verwys waar hy 'n skoolgereedheidstoets kan gaan aflê? (2)

4.2.3 Noem VYF aspekte wat 'n skoolgereedheidstoets sal bepaal. (5)

Kopiereg voorbehou

4.3 Skoolwiskunde: Wat is die storie?

Die storie oor skoolwiskunde in Suid-Afrika is alom bekend: die prestasie is skoolwiskunde is uiters swak. Suid-Afrika lê tweede laaste op die internasionale ranglys en vaar swakker as die meeste ander Afrikalande wat minder aan onderwys bestee as ons. Ten spyte van 22 jaar se investering, verbeter die Matriekslaagsyfer steeds nie. Ten spyte daarvan sê die Minister van Basiese Onderwys dat die stelsel steeds verbeter. Is dit blote versinsel? Wat is ons storie oor skoolwiskunde?

4.3.1 Die onderrig van wiskunde begrippe begin reeds op voorskoolse vlak.

Noem SES wiskundige begrippe waaraan voorskoolse leerders blootgestel word. (6)

4.3.2 Die mediaberig hier bo dui op uitdagings aangaande die onderrig van wiskunde.

Ontleed die artikel en beveel VIER aktiwiteite aan om te help om die uitdagings te oorkom. (8)

4.4 Omskryf die volgende terme:

4.4.1 Visuele geheue

4.4.2 Visuele diskriminasie

4.4.3 Visuele persepsie (3 × 2) (6)

4.5 Noem VIER aktiwiteite om visuele diskriminasie te versterk. (4)

4.6 Noem DRIE aktiwiteite wat passiewe taalontwikkeling bevorder. (3)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou